



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2014**

**AFRIKAANS HUISTAAL V2  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.

---

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se vrae nagesien.
- As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die **tweede vraag word geïgnoreer**. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer**.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom/haar self gepenaliseer het. As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde toe en **ignoreer die res van die opstel**.
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
- Geen punt word vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE of DIS GELOOFWAARDIG/NIE GELOOFWAARDIG NIE gegee nie. Die motivering bepaal die punt.

**AFDELING A: GEDIGTE****VRAAG 1: OPSTELVRAAG – Die huis luister**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE** nagesien.

**Inhoud**

Kode 7	7 gemotiveerde feite
Kode 6	6 gemotiveerde feite
Kode 5	5 gemotiveerde feite
Kode 4	4 gemotiveerde feite
Kode 3	3 gemotiveerde feite
Kode 2	2 gemotiveerde feite
Kode 1	1 gemotiveerde feit

**Taal en styl:**

Beoordeel volgens die rubriek.

**LET WEL:**

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleidingsparagraaf**

Die kandidaat bied 'n gepaste inleidingsparagraaf aan, bv.

- Die volgehoue metafoor word suksesvol aangebied en 'n duidelik progressie kan in die woordgebruik gesien word om die verval van die huisgesin te verbeeld.

**Beeldspraak en volgehoue aanwending**

- In die titel tref ons reeds persoonifikasie aan. Die klem lê op *luister*. Die huis gaan dus nie noodwendig oor tot aksie nie, maar luister sonder om te veroordeel.
- Hierdie beeld van die huis wat luister word regdeur aangetref. Die huis vertel in die hele gedig van alles wat hy moet aanhoor. En soos die inwoners ly, ly die huis deurdat sy fondasies kraak, plafonne raak stukkend, pleisterwerk bars en rame roes.
- Die slotwoord *oorskulp* sluit aan by die binne-oor van die huis soos genoem aan die begin van die gedig.

**Progressie**

- 'n Oor is hol van binne, maar dit het ook 'n negatiewe betekenis van leeg van binne, soos hol beloftes, woorde wat hol klink. Dit suggereer dus dat die binnekant van die huis nie vol liefde en toegeneentheid is nie. Die woorde wat gebruik word het 'n negatiewe konnotasie: *hol*, *roesemoes*.
- Die emosionele aksies en reaksies is net so negatief en word erger: *verwyf*, *skoorsoek*, *goor*, *kibbel* en dit is 'n onophoudelike stroom van negatieweiteit soos deur die woorde *nooit* en *aanhou* verbeeld word.
- *Kon* en *sou* en *moes* dui daarop dat daar aangehou hamer word op die foute van die verlede.

- In die tweede strofe is die verwoesting **erger**, want as gevolg van die huis se onderneming om die verlede te bewaar, kraak sy fundamente onder die las. Die plafonne raak voos onder die woedeaanvalle en die pleisterwerk bars onder die skeltaal en die trane laat die vensterrame roes.
- In die derde strofe word **die skade na die inwoners** oorgedra: *so word ons saam verweer*. Soos die huis, word die inwoners deur die elemente aangeval en stelselmatig afgetakel.
- Die mens se versugting na geluk en 'n beter toekoms word saamgevat in die woorde "julle gebede". Hierdie gebede om hulp word eers *gefluister*, en dan eggo dit *al hoe harder*, maar dit bly *ongehoord*. Niemand luister nie.
- Die sielkundige letsels hou egter nie op nie, dit vererger: *fluister en knal al hoe harder*.
- Nou kry die gebeure 'n universele betekenis, want al hierdie gebeure gebeur oor en oor in baie huise.

#### Tema en bundeltitlel

- Die tema is die feit dat die huis wat daar is om skulpe teen elemente te bied juis die plek is waar daar nie geluister word en skulpe gebied word nie. Die inwoners kom dus voor Dooiemansdeur, want niemand help nie.
- Die tema van die gedig en die bundeltitlel *Dooiemansdeur* sluit dus pragtig bymekaar aan.

#### Slotparagraaf

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Die volgehoue persoonifikasie is suksesvol aangewend en bring die tema net sterker na vore. Ook die bundeltitlel sluit by die tema van die gedig aan.

[10]

OF

#### VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG – Busrit in die aand

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	Vooropplasing van <i>elk</i> ✓ EN die gebruik van die kommas./ Alliterasie (s- en m-alliterasie) ✓	(2)
2.2	Hulle is moeg. ✓	(1)
2.3	Morbiede ✓	(1)
2.4	2.4.1 Alliterasie s-alliterasie/y-alliterasie ✓	(1)
	2.4.2 Dit is funksioneel omdat jy die reën ouditief ervaar/ die geleidelik verby gly ouditief ervaar. ✓	(1)
2.5	Polisindeton ✓	(1)
2.6	Hulle is vasgevang in 'n geroetineerde bestaan. ✓	(1)
2.7	Die volgehoue paarrym sluit aan by die idee van geroetineerdheid/vasgevangendheid. ✓✓	(2)
		[10]

OF

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG – Safari**

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Dit lyk soos die beweging van 'n optog/stoet/mense wat agter mekaar loop/gekronkelde voetpaadjie. ✓	(1)
3.2	Deur die aandagstreep. ✓	(1)
3.3	Dit is funksioneel, want beide dui beweging aan en suggereer dus die lewensvoortgang van die mens. ✓	(1)
3.4	Die safari van die lewe bring jou dus in aanraking met verskillende omstandighede/goeie/positiewe en slegte/negatiewe omstandighede. ✓	(1)
3.5	3.5.1 Dit verwys na die gaatjie in die grond – die sirkeltjie aan die einde van die gedig. ✓	(1)
	3.5.2 Dit impliseer ook die hele wêreld – niemand word uitgesluit nie. ✓ <b>EN</b> Dit kan ook moontlik wys op die siklus van die lewe. ✓	(2)
3.6	Dit verwys dit na 'n spesifieke gaatjie, naamlik die graf. ✓	(1)
3.7	Die sirkeltjie/kringetjie aan die einde van die gedig/verkleiningsvorm. ✓	(1)
3.8	Alle mense moet doodgaan; die graf wag vir almal. ✓	(1)
		<b>[10]</b>

OF

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG – Vroegherfs**

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Die seisoen het pas begin. ✓ <b>EN</b> Die natuurprosesse is nog nie voltooid nie./Alles is besig om ryp te word. ✓	(2)
4.2	Suiwering ✓ Stroping ✓	(2)
4.3	Dit is funksioneel, want dit beklemtoon die feit dat rypwording 'n geleidelike proses is./'n Vorm van groei is. ✓	(1)
4.4	Dit impliseer ook <i>deurskynend</i> soos water wat lig deurlaat, wat suiwer maak. ✓	(1)
4.5	Die laaste vrugte van die seisoen. ✓	(1)
4.6	Geweide stemming. ✓	(1)
4.7	Nee suiwering het nog nie plaas gevind nie. Hy bid juis tot God en vra dat dit moet plaasvind ✓ en omdat suiwering nog nie plaasgevind het nie, kon rypwording dus ook nog nie plaasvind nie. ✓	(2)
		<b>[10]</b>

## EN

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG – Opstanding

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Die spreker se geliefde/iemand naby aan hom/haar/iemand wat die spreker sal onthou/begrawe. ✓	(1)
5.2	Hy/sy sê dat hy/sy op 'n Woensdag begrawe moet word. Daar moet kosmos op sy/haar graf geplant word. ✓	(1)
5.3	Daar is die moontlikheid dat die mense hom nie gaan/wil onthou nie. ✓	(1)
5.4	“dit kos mos niks” ✓	(1)
5.5	Niks = gratis blomme (kos mos niks) ✓ op nikswerd mens (nietige gestorwene, waarvan niks oorbly nie) se graf. ✓	(2)
5.6	“wat eendag vlesig weer moet blom” ✓	(1)
5.7	Dit is funksioneel, want dit rym met “kom” en so skakel dit met die opstandingsgedagte. ✓	(1)
5.8	Die morbiede/hartseer stemming ✓ sluit aan by die begrafnis. ✓	(2)
		<b>[10]</b>

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 6: OPSTELVRAAG****DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleidingsparagraaf**

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.

- *Die Kwart-voor-sewe-lilie* is nie jou tradisionele liefdesroman nie.

**Hoofkarakter as heldin.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Iris is die hoofkarakter daarom wil 'n leser met 'n vurige en sterk heldin identifiseer.
- Alhoewel Iris 'n gesonde sin van ironie het om haarself as vrou te laat geld word sy nie as vurig/selfgeldend beskou nie. Sy is gedurig in 'n fantasiewêreld.
- Sy word gesien as die tipiese buitestander, want niemand luister na haar nie omdat sy deurentyd as te jonk beskou word om 'n geldige opinie te lug.
- Haar susters se lewe is baie meer opwindend as hare en dus is sy hierdie aspoestertjiekarakter.
- Haar lewe is beskou met 'n houding van déjà-vu. Hulle was al een keer daardeur en het nie krag gehad vir 'n herhaling nie.
- Iris het nie die tradisionele beroepsambisie van die heldin nie. Sy is tevrede om by dr. Anders te gaan werk t.s.v. haar graad.

**Verhouding tussen die heldin en die held**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Die verhouding tussen Peter en Iris is nie wat verwag word van 'n held en heldin nie. Daar is geen romantiese aanloop nie. Hulle ontmoet, raak intiem en Peter vertrek.
- Anders as die tradisionele held, verstaan Peter, die sg. held, die heldin glad nie. Peter verstaan nie hoe haar kop werk nie. En die enigste uitweg wat hy sien, is om Amerika toe te gaan.
- Alhoewel daar baie min uiterlike en emosionele konflik is, bring hierdie onvermoë spanning mee. Iris se beheptheid met haar naam en blom-geleentheid en die modelkontrak, is die grootste botsende element.

- Hulle het ook nie gereelde kontak met mekaar nie. Na hulle eerste intieme ontmoeting, verloop daar byna drie weke voordat daar weer enige kontak is.
- Na sy vertrek Amerika toe, besoek hy haar vir drie weke. Tussenin is daar feitlik geen kontak nie. Glad nie wat 'n mens van 'n verliefde paartjie verwag nie.
- Emosie speel nie werklik 'n rol in die verhouding nie. Iris twyfel selfs tot haar huweliksdag of Peter die man vir haar is. Alles teenstrydig met 'n liefdesroman.

### **Gelukkige einde**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Alhoewel die held en heldin trou, is die troue nie die tradisionele hoogtepunt van die verhouding nie. Iris vra op haar troudag aan die Engel of sy die regte ding doen.
- Die Engel se nabyheid is steeds belangrik. Die heldin verlaat haar dus nie algeheel op haar held nie.
- Iris beweeg net van haar ongetroude status na getroude status. Geen wittebrood of sprokiestroue en trourok nie. Dit is dus nie jou tradisionele gelukkige einde nie.
- Sy was egter tog gelukkig, want sy het Peter, Johanna, Polder en die lelie. Daarby het Iris tot emosioneel volwasse vrou gegroei.

### **Kommentaar op liefdesroman**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Dit is beslis nie die tradisionele liefdesroman nie. Hier is geen passie en vreeslike hygtonele nie. Die roman gaan maar hoofsaaklik oor Iris se soektog na die volmaakte blomgeleentheid.

### **Slotparagraaf**

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

Ek sien *Die Kwart-voor-sewe-lelie* definitief nie as die tradisionele liefdesroman nie.

[25]

OF



**VRAAG 7: Die kwart-voor-sewe-lilie – Eleanor Baker****KONTEKSTUELE VRAAG**

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Dit is funksioneel, want die gebeure kon net deur Iris self beleef gewees het. ✓	(1)
7.2	“Niemand het nog ooit na my geluister nie.” ✓ Haar familieledede het haar altyd as “te jonk” beskou om na haar te luister./ Wanneer iets opwindend met haar gebeur het, het haar susters dit reeds beleef en niemand was opgewonde nie./ Hulle spreek haar aan asof sy nie daar is nie. ✓	(1)
7.3	Johanna ✓	(1)
7.4	Sy was by geboorte perserig ✓ en haar arms en bene het oor die hande van die suster geflap. ✓	(2)
7.5	Sonder opwinding/onbelangstellend. ✓ Dit het aanleiding tot haar fantasieë gegee/die skep van fiktiewe karakters. ✓	(2)
7.6	Sy kon nie die wasmasjien regmaak nie./ Sy praat met die stofsuier. ✓ Ma sou dus iemand nodig hê om haar altyd op te pas/te help. ✓ Ma sluit aan by 'n groep wat glo in reïnkarnasie en spiritualisme. ✓	(3)
7.7	In Vermont. ✓ Die karakters is morbied/depressief aangesien dit sneeu en koud bly. ✓ Niemand het geluister toe Iris haar enkel in die sneeu gebreek het nie. ✓	(3)
7.8	Die aanbod in Parys ✓ en die huweliksaanbod van Frederik. ✓	(2)
7.9	Sorgsaamheid. ✓ Brian hou daarvan om bederf te word; dus kan hy moontlik met Bettie trou. ✓ Die kinders hou nie van die verhouding tussen haar en Brian nie. ✓	(3)
7.10	Haar obsessie met haar naam neem haar heeltemal van die werklikheid weg. ✓ Iris glo die blomgeleentheid kom een keer in 'n mens se lewe, terwyl Johanna en Peter glo 'n mens moet elke dag blom. ✓	(2)
7.11	“Elke mens moet een keer in sy lewe die regte ding op die regte tyd doen en so 'n moment van volmaakte sintese beleef.” ✓ Iris het definitief hiervolgens geleef, want sy het in elke geleentheid 'n potensiële geleentheid gesien om te blom. ✓ Hierdie besoek was dan ook die regte tyd en die regte oomblik, want na haar ongeluk en tyd saam met die Engel in die hospitaal, ✓ het sy besluit om met Peter te trou. ✓	(4)
		<b>[25]</b>

**OF**

**VRAAG 8: *Manaka plek van die horings* – Pieter Pieterse****OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleidingsparagraaf**

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.

- In *Manaka, Plek van die Horings*, is daar 'n voortdurende stryd tussen goed en kwaad.

**Waarin die stryd tussen goed en kwaad geleë is**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Die stryd tussen tradisionele bygelowe en gebruike soos deur Chisupo verkondig teenoor Christelike geloof soos deur ouma Essie verkondig.
- Die stryd tussen oneerlikheid soos Riekert voorstel en eerlikheid soos Baas en mnr. Whitey voorstel.

**Chisupo en Riekert as verteenwoordigers van die kwaad.**

**Beide** karakters moet aangespreek word. *Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

**Chisupo**

- Hy verteenwoordig die bose veral deur sy invloed as toordokter. Die plaaslike mense glo hy kan iemand gebreklik maak. Hy wys vinger vir mense wat hom teëgaan.
- Wanneer Baas siek raak, verhinder hy ander mense om hom te gaan help, want blankes hou vir Chisupo gevaar in. Hulle “vat sy krag” weg.
- Hy eis 'n bok by mnr. Kebbey omdat hy Baas teen sy bevel Ngwezi toe vervoer het. Hy verbrand dan hierdie bokkop by die kerkie. Dit dui op iets onheilspellend.
- Chisupo sny die toue wat die bootstellasie heg af en brand die kerkie af. Hy slaag dus amper daarin om Baas se drome te vernietig.

**Riekert**

- Hy verteenwoordig die bose deur sluikhandel met diamante en rassisme. Hy probeer Baas tydens sy eerste besoek omkoop.
- Hy gee geld vir mnr. Kebbey om met Grace te trou in ruil vir gunste sou mnr. Kebbey die nuwe hoofdoena word.

**Ouma Essie en Grace as verteenwoordigers van die goeie.**

**Beide** karakters moet aangespreek word. *Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

**Ouma Essie**

- Sy word die Profeet van die Bybel genoem weens haar goeie dae, bv. sy gee vir Baas se honde kos toe hy in die hospitaal was.
- Sy is die vredemaker tussen Baas en die sendelinge en onder haar leiding herstel hul weer die sendingstasie.
- Sy staan by haar Christelike beginsels en is nie bang om die khuta te berispe oor hul afdwaling van godsdiens nie.
- Sy gee om vir haar medemens. Sy verskaf huisvesting aan 'n wildvreemde blanke man wie se voertuig gebreek het, sy duld nie die uitbuiting van Grace deur die khuta nie.

**Grace**

- Sy versorg vir Baas omdat hy haar lewe gered het met sy laaste malariapille toe hy reeds self siek was.
- Sy help hom in en om die huis sonder dat hy vra en herinner hom wanneer hy wil weggaan aan sy weddenskap met sy oupagrootjie. Dit dra deels daartoe by dat Baas op Manaka bly.
- Sy loop nie as hy haar wegjaag nie, omdat sy glo die Here het hom gestuur.

**Die keuses wat Baas tussen goed en kwaad moes maak.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Baas het 'n keuse gehad om by Riekert se skelmstreke betrokke te raak, al dan nie. Hy kies egter om nie by Riekert se skelmstreke betrokke te raak nie.
- Alhoewel Baas eintlik 'n buitestaander is en kon kies om Manuel se dogtertjie aan haar eie lot oor te laat, gee hy tog vir haar sy medisyne.
- Telkemale kry Baas se medemenslikheid die oorhand, al raak hy kwaad daaroor. Hy gee sy laaste anti-malariapille aan Grace toe sy siek is./Hy gee sy laaste geld uit aan klere vir Grace en anti-malariapille vir mense wat op Manaka om hulp aanklop./Hy lewer vleis aan mense sonder om noodwendig geld te vra./Hy gee kos aan diegene wat honger is.
- Hy raak betrokke by mnr. Johnnie se gesinsprobleme. Hy skiet 'n buffel wat dien as betaling van Johnnie se skuld en so kan sy gesin herenig.
- Baas is aanvanklik gekant teen die sendelinge op Manaka, maar hy is later bereid om hulle te aanvaar omdat hy besef hul kan vir ander iets daar beteken.
- Hy kon in 'n bakleiery met die khuta betrokke geraak het. Hy kies egter om hom nie teen hul aantygings te verdedig nie en vertrek stil na Manaka.
- Hy kies om nie by mnr. Kebbey se voorstel dat indien hy die nuwe hoofdoena sou word, dit Baas sou baat om hom 'n vennoot in sy bootbesigheid te maak nie.

**Geloofwaardigheid**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

Die intrige is geloofwaardig omdat daar in die alledaagse lewe 'n voortdurende keuse tussen goed en kwaad is.

**Slot**

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

Die intrige in *Manaka, Plek van die Horings*, is geloofwaardig, want net soos Baas moet ons ook keuses tussen goed en kwaad maak.

**[25]****OF**

**VRAAG 9: Manaka plek van horings – Pieter Pieterse****KONTEKSTUELE VRAAG**

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Hulle huur 'n deel van Manaka./ Hulle maak aanspraak op 'n deel van Manaka./ Hulle trek onder sy afdak en in sy slaaphut. √√  <i>Kandidaat noem enige TWEE.</i>	(2)
9.2	Baas sukkel om sy droom te verwesenlik want hy word siek./Ander mense eis sy krag en tyd op./Sy finansies raak uitgeput./Hy kry moeilikheid met die khuta. √	(1)
9.3	Griesel. √ Hy breek by Baas se slaaphut in./Hou hom beter as die res./Werk nie mooi met sy vrou nie. √ Griesel was veronderstel om soos 'n Christen te leef, maar die teendeel was waar en dit verwar Baas. √	(1) (1) (1)
9.4	Sy oupagrootjie was die stigter van Manaka. √ Baas wil 'n boot op die Zambesi hê waarmee hy toeriste aan Afrika kan blootstel. √ Nee, aan die einde van die roman het hy wel die boot gebou, maar die rivier het hom weggespoel. √	(1) (1) (1)
9.5	Manaka is die plek waar Baas duidelikheid oor sy Christenskap kry. √	(1)
9.6	Griesel se optrede is geregverdig, want hy word sleg behandel – aanvanklik het hy nie eens slaapplek nie./ Hy voel hy het nie regtig enige waarde op Manaka nie/ Hy moet die stamkapteins betaal om hulle werk te doen. √√	(2)
9.7	Meneer Johnnie is ontsteld. √ Die khuta buit Baas uit deur die konsessie te verdeel en te verhoog./ Hy beskadig ook sy Land Rover met die (gratis) vervoer van die khuta se pale./Hy gee ook vleis en medisyne weg en op die manier boer hy agteruit. √√  <i>Die kandidaat noem TWEE situasies.</i>	(1) (2)
9.8	Dit maak die verhaal/die karakter meer geloofwaardig./ Dit situeer die konteks van die verhaal. √	(1)
9.9	Grace en Ouma Essie. √√ Grace lig Baas in rondom hul gebruike en sy dien as tolk. √ Ouma Essie besleg Baas se saak nadat hy uit die vergadering geloop het. √	(2) (1) (1)

9.10	9.10.1	Stukkende houtbankies. ✓ Dit het gedien as sitplek vir die kinders tydens skool asook vir die kerkgangers. ✓	(2)
	9.10.2	Dit word geassosieer met ou Dennis Chipman ✓ en met die verkondiging van die Bybel. ✓	(2)
	9.10.3	Dit is 'n moontlike verwysing na 'n verhouding wat tussen hulle kan ontwikkel./ Dit sinspeel daarop dat hulle twee saam die Bybel op Manaka gaan verkondig./ Dit kan 'n aanwysing wees dat Baas aanvaar sy roeping op Manaka. ✓	(1)
			<b>[25]</b>

### VRAAG 10: *Vatmaar* – AMJ Scholtz

#### OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

#### **Inleidingsparagraaf**

- Die kandidaat bied 'n inleidingsparagraaf aan, bv.  
Sekere gebeure en karakters het tot Norman van der Westhuizen, Oom Chai en Boytjie Afrika se insig bygedra.

#### **Gebeure bring Norman van der Westhuizen tot insig.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Die Anglo Boere-oorlog laat Norman wees. Om te oorleef, steel hy kos. Terwyl hy pap uit Ma Khumalo se pot steel, betrap sy hom op heterdaad. So kom hulle bymekaar uit.
- Hy leer Ma Khumalo beter ken, aanvaar haar as sy ma en kom tot ander insigte oor Swartmense.

#### **Karakters wat Norman van der Westhuizen tot insig bring.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Norman het slegte dinge van Swartmense gehoor en dit geglo totdat hy Ma Khumalo ontmoet het. Ma Khumalo ontferm haar oor Norman; sy laat hom skoolgaan en leer hom lewenswaardes.
- Toe sy hom Norman noem, aanvaar hy hierdie nuwe identiteit dadelik, want hy het besef Swartmense is nie sleg soos wat hy geglo het nie. Hy besluit om by haar te bly en noem haar Ma.
- Die wegbring van die wasgoed na die Whites het Norman laat kennismaak met klasseverskil. Hy het egter besef hy moet van Bob White eerder 'n vriend as vyand maak. Dit was dan Bob White wat hom tot posman bevorder het.

### **Gebeure bring Boytjie Afrika tot insig.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Aanvanklik het Boytjie net rondgesit en dagga gerook toe hy op Vatmaar aangekom het. By die stokvel het hy egter agtergekom hy kan die jongklomp leer dans en meer as net 'n daggaroker wees.
- Met die dood van Oom Chai het Boytjie besef Bettie is sy eerste ware liefde. Hy het wel by Bettie ingetrek, maar het die verantwoordelikheid van die vee op hom geneem en elke oggend die bevele gaan gee.
- Die stigting van die sokkerspan het Boytjie die verantwoordelikheid gegee om 'n sokkerveld daar te kry en die nodige fondse vir spelers te in om die nodige te kan aankoop.

### **Karakters wat Boytjie Africa tot insig bring.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Kenny het vir Boytjie die nodige steun vir die sokkerveld se aankoop gegee. Alhoewel hy die brief vir Du Toitspan se stadsraad aanvanklik geskryf het, het hy Boytjie verplig om dit in sy eie handskrif oor te skryf. Dit het Boytjie waardigheid en status van 'n bestuurder en afrigter gegee.

### **Gebeure wat Oom Chai tot insig bring.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Oom Chai het by Bettie probeer aanpas. Dus het hy sy lewensstyl verander. Hy het nie meer kruisbande gedra nie; sy snor afgeknip, by die stokvel het hy tussen die jongklomp gesit en was hy die voorste danser. Sy lyf kon egter nie die pas volhou nie,
- en hy het hom die gramskap van Vatmaar se oues op die hals gehaal. Hulle het gevoel hy maak homself belaglik en dit hoort nie so dat hy met 'n vrou soveel jonger as hy trou nie.
- Die koop van die 'gramophone' het veroorsaak dat sy huis al voor sonder vol jongmense was. Hy het sy ou vriende afgesterf en hy kon nie die laatnagte vat nie.

**Karakters wat oom Chai tot insig bring.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Die ou oumas van sy eie portuur het uitsprake gemaak soos “blerrie fool”. Dit het Oom Chai seergemaak. Ook toe sy ou vriende nie meer kom kuier nie, omdat hulle ontuis voel, moes Oom Chai al sy fout begin agterkom het.
- Vatmaar se mense het gelag vir die veranderinge in Oom Chai se leefwyse en het ook nie hierdie verbintenis “met 'n kind” goedgekeur nie.

**Geloofwaardigheid**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Ek glo Norman se insig t.o.v. swartmense geloofwaardig is, want hy het die goedheid van Ma Khumalo beleef.
- Boytjie Afrika se insig is dalk minder geloofwaardig, want hy het nog steeds net rondgesit. Dit is net met die sokkerspan wat hy vuur en vlam is.
- Oom Chai se insig was egter te laat. Dit het hom niks gebaat nie.

**Slot**

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Ander karakters, sowel as gebeure, het dus bygedra tot insig by hierdie karakters.

**[25]****OF**

**VRAAG 11: Vatmaar – AMJ Scholtz****KONTEKSTUELE VRAAG**

<b>Vraag</b>	<b>Antwoord</b>	<b>Punt</b>
11.1	Die gebeure in die uittreksel vind plaas by die begrafnis van Ouma Lewies, √ die eerste begrafnis op Vatmaar. √	(2)
11.2	Hulle het mekaar se taal/kultuur gerespekteer/hulle het mekaar opreg lief gehad. √ Liefde sonder grense. √ Die een was wit (Engels) en die ander bruin (Afrikaans). √	(1) (1) (1)
11.3	Dit is simbolies van die nedersetting Vatmaar waar verskillende mense vanuit alle oorde en van alle soorte tuis was./ Vatmaar het ook blyplek gehad vir almal wat iewers elders onwelkom was. √	(1)
11.4	Teacher Elsa en Tommy √√ Teacher Elsa het Nellie name genoem/sy was skaam vir haar ma se afkoms/sy het net 'n foto van haar pa opgehang. √ Tommy het Nellie seksueel misbruik vir sy plesier. √	(2) (1) (1)
11.5	Oom Flip het 'n diamant gevat wat nie aan hom behoort nie en so sy transport besigheid begin. √ Hy het jare lank hard vir 'n witman gewerk en geen betaling daarvoor ontvang nie. √	(1) (1)
11.6	Oom Norman se lyk is in die begraafplaas gekry. √ Sy voel skuldig/verantwoordelik vir Oom Norman se dood. √	(1) (1)
11.7	Ek-verteller/ Eerstepersoonsverteller √ Tant Wonnie het hierdie gebeure beleef, daarom is dit geloofwaardig. √	(1) (1)
11.8	Offervaardigheid. √ "Ek kon nie begrafnis toe gaan nie, het Tant Wonnie verder vertel, want ek moes Kaaitjie oppas." √ Ander in Vatmaar het hierdie offervaardigheid raakgesien en toe sy ander tydens Kaaitjie se dood nodig gehad het, het hulle tyd opgeoffer. √	(1) (1) (1)
11.9	Sus Bet het Tant Wonnie ondersteun alhoewel hulle nie van haar familie/ras is nie/al het hulle nie dieselfde taal gepraat nie. √ Dus het die liefde hier oor grense gegaan. √	(1) (1)
11.10	Hy het 'n nuwe lewe met Ma Khumalo begin. √/ In Teks 1 het Oom Lewies en Ruth ook 'n nuwe lewe begin √ en ook was hulle liefde oor die grense net soos Norman en Ma Khumalo. √	(1) (2)
11.11	Hy het die tentpen by Kaaitjie se broers en susters se grafte gaan plant en toe sy jaspant vasgekap en verklum. √	(1)
<b>TOTAAL AFDELING B:</b>		<b>25</b>



**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

**VRAAG 12: *Krismis van Map Jacobs* – Adam Small****OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleidingsparagraaf**

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan, bv.

- Die ruimte waarbinne die karakters van *Krismis van Map Jacobs* hul bevind, bepaal die karakters se optrede.

**Politieke en sosio-ekonomiese ruimte**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Die drama speel af in 'n woonbuurt (township) van die Kaapse Vlakte waar armoede en werkloosheid seëvier. Leeglêers (kerrimspelers) op straat en bendegeweld is aan die orde van die dag.
- Die mense woon in woonstelle en munisipale huise ("flats" en "council-hyse"). 'n Troostelose omgewing t.s.v. poging om kleur in te bring.
- A.g.v. politieke omstandighede (apartheid) en armoede beleef die inwoners geen vooruitsigte vir verbetering nie.

**Cavernelis en Maud se strewes**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Mister Cavernelis probeer hard om 'n beter toekoms vir sy gesin te skep buite hierdie ruimte. Hy werk lang ure in die poloniefabriek en vul saans sy inkomste aan met die verkoop van onderklere ("soft goods").
- Cavernelis is selfs bereid om Blanchie as prostituut uit te gee om haar toekoms te verbeter. Sy kan sodoende 'n modelkontrak kry wat haar Frankryk toe kan neem.
- Al hierdie pogings bring mee dat hulle die verwerping en spot van die leeglêers beleef.
- Selfs hulle taalgebruik (Maud verkies Engels sonder vloekwoorde en Cavernelis met sy Bolandse aksent) bewys dat hulle na beter strewes. Hulle pas dus duidelik nie in die ruimte nie en word ook hieroor gespot.
- Maud kom gedurig met die inwoners van die Kaapse Vlakte in konflik omdat hulle glo sy hou haarself beter.

- Cavernelis belowe deurentyd dat hulle opofferings moet maak om hier uit te kom.
- Alhoewel Maud bereid is om hierdie opofferings te maak en met naaldwerk ook 'n inkomste te verdien, was sy van die begin af skepties of hierdie strewe gaan realiseer.
- Sy spreek haar uit teen die misbruik van Blanchie, maar beleef soos Cavernelis dat hul in 'n doodloopstraat gekom het.
- Sels al die vernedering wat Blanche beleef het, bring nog steeds nie vir haar die uitkoms nie. Sy kry nie die kontrak nie en haar en Cavernelis se verhouding versleg wanneer sy hom die skuld gee vir haar lewe.
- Cavernelis word simbool van hierdie uitsigloosheid en futiele pogings wanneer hy aan die einde selfmoord pleeg.

### **Map se omstandighede in hierdie ruimte**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Johnnie (wat later Map geword het) het ideale gehad om na skool verder te studeer. A.g.v. gebrek aan geld, is hy gedwing om werk te soek. Apartheid veroorsaak dat hy slegs as 'n bode kon werk.
- Om sy omstandighede te verbeter/daaruit te ontsnap sluit hy aan by bendegroepe. Hy word leier van drie groepe. Hierdie aansluiting lei egter tot verkragting, moord en tronkstraf. Hy word dus weereens vasgevang in 'n uitsiglose bestaan.
- Map verander in tronk en glo dat dit nou sy paspoort tot 'n toekoms is. Hy ervaar egter verwerping na sy vrylating. Hy kry nie werk nie/die orkes laat hom nie weer toe nie.
- Sy toekoms in hierdie omstandighede blyk ook nie rooskleurig te wees nie. Daar bestaan dus die moontlikheid van 'n terugval na die bendes.

### **Ander karakters (Cyril, Richie, Tommy en La Guma) se omstandighede in die ruimte.**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Slegs Tommy Sabotker probeer sy omstandighede verbeter deur sy trinklets te verkoop, maar Cyril en Richie aanvaar hul ruimte en raak deel van die troostelose bestaan.
- Alhoewel La Guma deurentyd sosiale kommentaar lewer, doen hy niks behalwe sy liggaamlike oefening om van sy ruimte tydelik te ontsnap nie.

### **Slot**

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Karakters probeer dus uit die omstandighede ontsnap, maar hulle bereik nie sukses nie omdat uitkoms min is.

[25]

OF

**VRAAG 13: Krismis van Map Jacobs – Adam Small****KONTEKSTUELE VRAAG**

<b>Vraag</b>	<b>Antwoord</b>	<b>Punt</b>
13.1	Uiterlike konflik ✓ Cavernelis wat toelaat dat Blanchie misbruik word. ✓	(1) (1)
13.2	Vrees/Woede ✓ Die emosie is geloofwaardig, want Cavernelis was nie deel van die mense op die Kaapse Vlakte nie./Hy was nie gewoon daaraan om te baklei nie. ✓  <b>OF</b> Dis nie geloofwaardig nie, want Cavernelis het saans “soft goods” verkoop en dan was hy nie bang vir die omgewing en sy mense nie. ✓	(1)     (1)
13.3	Hy verkoop “soft goods” as ’n manier om ekstra geld te verdien. ✓ Hy wil graag uit die township kom/beter gehalte lewe vir sy familie gee. ✓ Hy is feitlik nooit by die huis nie en dit veroorsaak wrywing tussen hom en Maud. ✓	(1) (1) (1)
13.4	Vredemaker ✓ Dit is nie geloofwaardig nie, want hy is die een wat gewoonlik al die stories versprei. ✓	(1) (1)
13.5	Die feit dat Cavernelis vir Blanchie as ’n prostituut laat werk. ✓ Maud en Cavernelis sien dit as ’n geleentheid om uit die township te kom. ✓ Die inwoners keur dit glad nie goed nie. ✓	(1) (1) (1)
13.6	Dit is funksioneel, omdat dit Cavernelis se gierigheid om geld bymekaar te maak beklemtoon. ✓	(1)
13.7	Sy wou ’n modelkontrak in Parys hê. ✓ Sy was nie suksesvol nie, want sy het nie die kontrak gekry nie. ✓ Sy het nie meer vir Map gaan kuier nie. Sy was te besig dus het die verhouding skipbreuk gelei. ✓ “Hoekô avoid sy vir my ...” ✓	(1) (1) (1) (1)
13.8	Na die roof en verkragting van sy ma en suster ✓ en die dood van sy vriend, Ivan Philander. ✓ Map se behoefte om êrens te behoort het hiertoe aanleiding gegee. ✓	(2) (1)
13.9	Hy lei Map tot bekering en dan beseft Map dat die Here sy sonde vergewe en vergeet het ✓ en daarom is geen sonde van Blanchie te erg om te vergewe nie. ✓	(2)
13.10	Die gesprek is nie vloeiend nie a.g.v. die ontsteltenis. ✓  <b>EN</b> Dit beklemtoon die stiltes. ✓	    (2)
13.11	In Teks 1 is Cyril onvergewisgesind teenoor Cavernelis, maar in Teks 2 is Map vergewensgesind. ✓	(1)
		<b>[25]</b>

**OF**

**VRAAG 14: Mis – Reza de Wet****OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

**Inleidingsparagraaf**

Die kandidaat bied 'n inleidingsparagraaf aan, bv.

- Meisie, Gabriël en Konstabel staan in konflik met hul omgewing.

**Ruimte**

Kandidate moet ten minste 'n **gemotiveerde feit** hier noem. Die **ander 14 feite** kan uit die res van die opstel kom.

- Die visuele binneruimte stel die kombuis van 'n uiters armoedige huisie voor. En dis juis hier waar Meisie 'n groot deel van haar dag vasgevang is.

**Meisie se optrede**

Kandidate moet ten minste 'n **gemotiveerde feit** hier noem. Die **ander 14 feite** kan uit die res van die opstel kom.

- Meisie sit in die kombuis die grootste deel van die dag en missakke toewerk. Meisie smag na 'n jongmenslewe, maar a.g.v. die misstank en vlieë kom geen jongmense kuier nie.
- Die agterdeur lei na vryheid, maar Miem hou dit gegrendel en laat Meisie ook nie alleen na buite gaan nie. Daar is in elk geval ook nog die hekkie van die omheinde werf wat haar binne hou.
- Sy smag na die sirkus en vryheid en dit bring innerlike konflik by haar teweeg. Sy besef die sirkus kan haar die sensuele en seksuele ontwaking bied waarna sy smag.
- Meisie het al 'n slag na die sirkus skelmpies gaan kyk, maar haar ma het haar gevang en kamstig "siek" geword a.g.v. die teleurstelling. Sy is dus in hierdie tweestryd gewikkel: sy wil weggom van die kombuisruimte, maar dan is die implikasie daar dat sy nie meer 'n "goeie meisie" is nie.
- Meisie se bevryding begin egter juis hier in die kombuis wanneer Miem Konstabel toelaat.
- Aanvanklik wil sy nie met Konstabel gesels nie, maar op Miem se aandrang laat sy toe dat hy aan haar raak, gaan sy saam met hom buitentoe om die slopemmer uit te gooi waar hulle twee hul planne smee.
- Aanvanklik wil Meisie nie die sirkusmusiek hoor nie. Sy pleit by Konstabel om die deur en venster toe te maak, maar sy gee haar tog geleidelik oor.
- Die "fladder" aan die einde van die drama verwys dan ook na 'n skoenlapper wat uit 'n kokon breek, maar ook na die siklusse/transformasie wat 'n ruspe ondergaan tot 'n pragtige skoenlapper.

- Meisie se konflik met haar ruimte is dan uiteindelik geslaagd, maar die vraag bly staan of sy nie maar nou net weer in ander omstandighede vasgevang is nie.

### **Gabriël se strewe en optrede**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Na die Groot Depressie het Gabriël sy plaas verloor en kon hy nie meer sy gesin onderhou nie. Hy verwissel dan van ruimte n.l. hy gaan sluit homself toe in die solder.
- Alhoewel die luik telkemale oopgaan, wend Gabriël geen poging aan om homself te bevry nie. Dis dalk juis die moontlike bevryding wat by hom konflik skep, want dan moet hy probeer om sy aansien weer te herwin.
- Gabriël probeer nooit eens hom werklik bevry nie. Die gille wat gepaardgaan met die sak van die emmer, kan as 'n poging gesien word wat hy net van sy bestaan daar bo die huismense wil bewus maak.
- Hierdie handeling van Gabriël om die slopemmer te laat sak, sorg daarvoor dat Meisie en Konstabel alleen kan kom om hul planne te finaliseer vir die vlug later in die nag.

### **Konstabel se optrede**

*Kandidate moet ten minste 'n gemotiveerde feit hier noem. Die ander 14 feite kan uit die res van die opstel kom.*

- Konstabel kom vanaf die magiese, vrye ruimte na die beperkende ruimte van die plaashuis. Hier is sy rol dié van 'n bevryder. Hy word 'n verpersoonliking van alle redders uit 'n beknelde situasie.
- Hy manipuleer al drie vroue deur aanvanklik as biegvader op te tree en hul so in 'n mate te bevry. Sy vertelling van tant Hannie aan Gertie bevry haar in 'n mate van haar seksuele frustrasie. Meisie se biegestories kom hom later goed te pas om haar te oortuig om saam met hom te kom. Ook Miem biegt teenoor hom dat hy "gevoelens" by haar aanwakker deur sy nagtelike teenwoordigheid. Sy trek dan ook die knellende borstrok vir 'n wyle uit.
- Konstabel is egter vasgevang in homself. Hy word begeer en hy begeer. Hy begeer jong meisies en "geniet" dit om hul wêreldwys te maak. Terselfdertyd het hy die hunkering na en liefde van 'n moederfiguur. Konstabel worstel dus nie met 'n fisiese ruimte nie, maar wel met die innerlike ruimte binne hom.
- Aan die einde word hy egter die towenaar wat Meisie bevry van haar fisiese ruimte, maar hy ontsnap nie aan sy eie innerlike ruimte nie. Volgende jaar 31 Augustus slaan hy weer toe.

### **Slot**

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan, bv.

- Meisie verruil dalk die een uitsiglose bestaan vir 'n ander. Gabriël en Konstabel bly 'n gevangene van hul onderskeie ruimtes.

[25]

OF



15.10	Die buitewêreld/die eksotiese √ met die beklemmende/knellende/ slegruikende binneruimte. √	(2)
15.11	Hy transformeer in 'n nar. √ Dit is noodsaaklik, want die uniform dui op die beskermer teenoor die narrebaadjie wat dui op die magiese bevryder en dit dui ook op die innerlike verandering wat hy teweeg bring kan. √ Dit sluit aan by die magiese wêreld. √	(3)
15.12	"... na twaalf is ek weer vort" √	(1)
		<b>[25]</b>

**TOTAAL AFDELING C: 25**

**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

Kriteria	Uitsonderlik 8–10	Knap 6–7	Gemiddeld 4–5	Elementêr 2–3	Onvoldoende 0–1
<b>INHOUD</b> Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks  <b>7 PUNTE</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Diepgaande interpretasie van onderwerp</li> <li>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is.</li> <li>- Uitstekende begrip van die genre en gedig.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer</li> <li>- Respons redelik gedetailleerd</li> <li>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie</li> <li>- Begrip van genre en gedig duidelik.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Redelike interpretasie van die onderwerp.</li> <li>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp</li> <li>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie</li> <li>- Basiese begrip van genre en gedig</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Onbevredigende interpretasie van die onderwerp</li> <li>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie</li> <li>- Onvoldoende begrip van genre en gedig</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Geen begrip van die onderwerp nie</li> <li>- Geen verwysing na die gedig nie</li> <li>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie</li> </ul>
<b>STRUKTUUR EN TAAL</b> Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel  <b>3 PUNTE</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Samehangende struktuur.</li> <li>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling.</li> <li>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek</li> <li>- Grammatika, spelling en puntuasie feitlik foutvry</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Duidelike struktuur en logiese vloei van argument</li> <li>- Vloei van argument kan gevolg word</li> <li>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Enkele bewyse van struktuur</li> <li>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel</li> <li>- Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Struktuur toon tekens van swak beplanning</li> <li>- Argumente nie logies gerangskik nie</li> <li>- Taalfoute beduidend</li> <li>- Toon en styl nie geskik nie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Struktuur swak</li> <li>- Ernstige taalfoute</li> <li>- Foutiewe styl</li> </ul>
<b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b>	8–10	6–7	4–5	2–3	0–1



**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

Kriteria	Uitsonderlik 12–15	Knap 9–11	Gemiddeld 6–8	Elementêr 4–5	Onvoldoende 0–3
<b>INHOUD</b> Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks  <b>15 PUNTE</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Uitsonderlike respons: 14–15</li> <li>- Uitstekende respons: 12–13</li> <li>- Diepgaande interpretasie van onderwerp</li> <li>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is</li> <li>- Uitstekende begrip van die genre en teks</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer</li> <li>- Respons redelik gedetailleerd</li> <li>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie</li> <li>- Begrip van genre en teks duidelik</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie</li> <li>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp</li> <li>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie</li> <li>- Basiese begrip van genre en teks</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie</li> <li>- Min punte wat die onderwerp ondersteun</li> <li>- Baie min relevante argumente</li> <li>- Weinig begrip van genre en teks</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Geen begrip van die onderwerp nie</li> <li>- -Swak poging om die vraag te beantwoord.</li> <li>- Argumente oortuig nie</li> <li>- Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie</li> </ul>
<b>STRUKTUUR EN TAAL</b> Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel  <b>10 PUNTE</b>	<b>8–10</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Samehangende struktuur</li> <li>- Uitstekende inleiding en slot</li> <li>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling</li> <li>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek</li> </ul>	<b>6–7</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Duidelike struktuur</li> <li>- Logiese vloei van argument</li> <li>- Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer</li> <li>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek</li> </ul>	<b>4–5</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Enkele bewyse van struktuur</li> <li>- Logika en samehang is duidelik, maar met foute</li> <li>- Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas</li> <li>- Paragrafering meestal korrek</li> </ul>	<b>2–3</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Struktuur toon tekens van swak beplanning</li> <li>- Argumente nie logies gerangskik nie</li> <li>- Taalfoute beduidend</li> <li>- Toon en styl nie geskik nie</li> <li>- Paragrafering foutief</li> </ul>	<b>0–1</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente</li> <li>- Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk</li> <li>- Styl en toon nie geskik nie</li> <li>- Paragrafering foutief</li> </ul>
<b>VERSPREIDING VAN PUNTE</b>	<b>20–25</b>	<b>15–19</b>	<b>10–14</b>	<b>5–9</b>	<b>0–4</b>